Daar is vriende…

Ja, dit is sommer lekker om deel te wees van die “gang”, om die lewe te geniet, saam met die stroom te beweeg; om “cool” te wees . . en populêr! Die lewe kan regtig lekker wees – as grootmense net nie so styf en droog was nie!

Jou lewe is so vervelig want jy word heeltyd gesê “Maak skoon, “Pak jou goed weg - nogal netjies daarby, “Staan vroeg op, “Eet al jou kos”! Jy moet volgens outydse reëls lewe !

……En vriende!

Ken jy regtig jou pelle? Maak hulle ’n verskil in jou lewe of is jy ’n invloed op hul s’n? Staan hulle by jou deur dik en dun? Sal jy enigiets doen wat die “gang” (jou pelle) jou vra, al weet jy dit is verkeerd?

Sê nou hulle gee jou alkohol of dwelms; sal jy dit vat net om populêr en aanvaarbaar te wees? Wel, sê jy, talle tieners ken van, of gebruik dwelms – daar is mos nie fout om net te eksperimenteer, of dit net een keer te gebruik, of hoe?

Jy is mos dan een van die groep. En haai, dit ontspan jou sommer baie. En daarby is dit die in-ding!

Moenie dof wees nie!!!

As jy dwelms gebruik word jy ’n slaaf, die gemeenskap draai hul rug op jou. Die eerste sluk of snort vat jou afdrand op ’n glibberige padjie!

Onthou, dwelms is giftig. Dit affekteer jou hele liggaam, jou denkwyse, jou gedrag en uitkyk op die lewe!

Nadele van dwelms sluit in:
Skade aan jou hart, longe, lewe, brein en niere. Dit affekteer jou fiesiese ontwikkeling, veroorsaak depressie, geheueverlies, verwarring, stuiptrekkings, erge humeur uitbarstings, paniekbuie, mompel - pratery, angs, dubbel-visie, naarheid, verrot jou tande; kan tot kanker lei, selfmoord, en uiteindelik die dood. Somtyds voel dit soos goggas wat bo-oor en binne-in jou rondkruip.. en krap help glad nie!

Handelaars voorsien nie eers die egte produk nie! Nee, hul meng arseen, bakpoeier, kalk, en selfs bytsoda by om die hoeveelheid en winste te verhoog!

Weet jy dat TIK gate in jou brein vreet? Hoe meer jy verslaaf raak, hoe meer wil jy hê. Verslaafdes raak mal as hul nie ’n “fix” kry nie! Na ’n tyd raak jou are besmet met sere van herhaaldelike inspuitings. En na ’n tyd kan jy nie eers ’n aar vind nie, want dié val plat van wanmisbruik.

Het jy geweet LSD maak jou so “high” dat die verslaafde vas glo hy/sy van ‘n gebou af kan vlieg soos ‘n voël, of bo-op water kan loop?

O ja, en rook van sigarette is net so gevaarlik as om Dagga, Mandrax, Kakoien, Heroien, Opium of Ecstacy te gebruik!

Wees c-o-o-l, en nie dof nie; geniet 'n dwelmvrye lewe!

Krisis Hulplyne:

- Fire, Police, Ambulance (Call Centre): 107
- Cell phone Emergency: 112
- Police – Flying Squad: 10 111
- Fire Department: 021 - 535 1100
- SAPS Crime Stop: 08600 10 111
- SAPS Child Protection, Family Violence and Sexual Offences: 012 – 393 2363
- Women Abuse: 0800 150 150
- Aids Help Line: 0800 012 322
- Child Line: 0800 055 555
- Child Protection: 0800 111 213
- Life Line: 0800 102 322

Alcohol and Drug Concerns-Cape
Non–Profit Organisation
Registration No: 000–618
16 Drogheda Road, Golflinks Estate,
Wynberg, 7800
Tel: 021 797 0583 Fax: 021 762 4235
Email: adccape@telkomsa.net

Alcohol and Drug Concerns-Transvaal
Non-Profit Organisation
Registration No: 009-780
5 Hammond Road, West Turffontein
Johannesburg
Tel: 011 433 2372 Fax: 011 433 2760
Email: charlene@alcoholanddrugconcerns.org.za

IS JY 'N COOL CAT of 'n RIOOL KAT

Uitgereik as 'n hulpbron om 'n meer gesonde dwelmvrye lewe te geniet teenoor dit van 'n dwelmslaaf.